

# PERSONALIA

## NUWE PERSONEEL



*Mev. M.L. Ash  
Tegniiese Assistent*



*Voor links na regs: Mej. E. du Toit (Kultuurhistorikus), Mej. G.N. Saaiman (Tegniiese Assistent), Mnr M.J. Fourie (Ambagsman)  
Agter van links na regs: Mev. I.H. Christodoulou (Tikster), Mnr P.C. Zietsman (Plantekoloog)*

---

## ODDS AND ENDS/ STUKKIES EN BROKKIES

### Vereniging vir Kultuurgeskiedenis

Die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Kultuurgeskiedenis is op 30 September 1982 te Pretoria gestig met die doel om kultuurgeskiedenis in Suid-Afrika te bevorder en uit te bou deur die reël van vergaderings, konferensies en kursusse vir die bespreking van, en die onderrig en opleiding in al die aspekte van kultuur-geskiedenis. Verder wil die Vereniging navorsing oor die kultuurgeskiedenis en die publikasie en/of subsidiëring van wetenskaplike tydskrifte en ander publikasies stimuleer. Prof. P.G. Nel, departementshoof van Afrikaanse en Nederlandse Kultuurgeskiedenis aan die Universiteit van Pretoria, is as die eerste voorsitter verkies.

'n Algemene Jaarvergadering en Kongres van die Vereniging wat op 30 September en 1 Oktober 1983 by die Pioniersmuseum, Silverton, Pretoria gehou is, is deur mnre. J. Haasbroek en D. van der Bank van die Nasionale Museum bygewoon. Benewens 'n paneelbespreking oor "Streek- en kultuurgeskiedenis - 'n terrein verkenning" is 'n aantal interessante lesings aangebied, onder andere "Die Bybel in eie taal - 'n kultuurhistoriese perspektief", "Bladmusiek as kultuurhistoriese bron" en "Ruitersandbeelde van Suid-Afrika".

Aansoeke om lidmaatskap en navrae kan gerig word aan: Die Sekretaris, S.A. Vereniging vir Kultuurgeskiedenis, Posbus 2047, Pretoria, 0001. ◉

# ODDS AND ENDS/ STUKKIES EN BROKKIES

## ANCESTORS

The original famous skull of the Florisbad Man, found by Prof T.F. Dreyer in 1932 will be on display in the American Museum of Natural History, New York, from April to September 1984, as part of a temporary display entitled "Ancestors".

The Director of the Museum, Mr Hannes Oberholzer, leaves for New York on 30 March with the skull. It will be displayed in the American Museum of Natural History along with original fossil hominid material from all over the world. During the first week in April scientists from across the globe will be allowed to study and research this unique collection. The second week will be devoted to an international symposium on palaeo-anthropology.

Among the well-known South African scientists who will attend the symposium are Prof Philip Tobias of the University of the Witwatersrand, Dr Bob Brain, Director of the Transvaal Museum in Pretoria, Dr Mike Cluver, Assistant Director of the South African Museum, Cape Town and Dr Ron Clarke, former palaeo-anthropologist of the National Museum. A number of South African

Spotprent deur  
Charl Marais -  
Volksblad



representatives have been invited to read papers at the symposium.

It is estimated that by the time the "Ancestors" exhibition closes in September more than a million museum visitors will have seen it. A staff member of the museum will again fly to New York in September to bring the skull safely back to Bloemfontein. ○

---

## NUWE PALEONTOLOGIESE UITSTALLINGS GEOPEN

Op Donderdagaand 1 Maart 1984 het dr. C.K. Brain, direkteur van die Transvaalmuseum, Pretoria, die amptelike opening van die nuwe uitstallings waargeneem. Dr. Brain wat 'n wêreld-otoriteit oor die Suid-Afrikaanse aapmense is, het 'n uitstekende voordrag gelewer onder die titel: "New life for old bones: modern approaches to a reconstruction of the past". Die onthaal wat daarna vir die genooide gaste aangebied is, was uit die boonste rakke.

Die amptelike opening en onthaal is ook bygewoon deur die lede van die Wetenskaplike Advieskomitee vir Florisbad wat op 2 Maart vergader het. Dr. Brain is ook lid van die Advieskomitee en verskyn op die meegaande foto by 'n skelet van 'n uitgestorwe Karooreptiel, *Kannemeyeria*. ○



(Foto The Friend)

## NATUURLIKE VERSPREIDING EN GROEVORM

*P. elongatus*: Beperk tot die winterreënvalgebied van die Wes-Kaap, vanaf Swellendam tot by Clanwilliam. Die boom word nie maklik hoër as 6 m nie en het oor die algemeen 'n bosserige, byna struikagtige, groeivorm. Die vrugte word deur voëls en ander diere benut.

*P. falcatus*: Dié soort kom voor vanaf Swellendam in die suide, al met die kus langs, tot in Noord-Transvaal en Mosambiek. Die boom kan in sy natuurlike verspreidingsgebied tussen 20 en 60 m hoog word, alhoewel dit in die tuin nie veel hoër as 10-20 m sal word nie. Dit is die inheemse geelhout wat die vinnigste groei, teen ongeveer 1 m in hoogte per jaar, nadat die boom eers goed gevestig is.

*P. henkelii*: Dié soort is hoofsaaklik beperk tot die suidelike hange van bergwoude in Oos-Griekwaland en Natal. Die boom is 'n stadige groeier en kan tot ongeveer 20 m hoog word. Dit word deur sommige mense as die mooiste sierboom onder ons geelhoute beskou. Omdat die digte neerhangende lower tot op die grond behoue bly as die boom van alle kante af genoeg lig kry, is die boom ook geskik om as windskerms aangeplant te word.

*P. latifolius*: Dit is die algemeenste lid van die geelhoute en kom van Tafelberg tot in Noord-Transvaal voor en vanaf seevlak tot ongeveer 1818 m bo seevlak. Afhangende van die plek waar die boom staan, wissel die groeivorm, maar in die Vrystaat word die boom 5-15 m hoog, met 'n digte blaarbedekking.

---

# ODDS AND ENDS/ STUKKIES EN BROKKIES

## ARGEOLIESE OPGRAWINGS OP DOORNPOORT, WINBURG

Mnr. J. Dreyer van die argeologie departement van die Museum is reeds sedert 1983 besig met intensiewe opgrawings op die plaas Doornpoort, naby Winburg.

'n Wye verskeidenheid van materiaal is reeds gevind en sal mettertyd noukeurig bestudeer word om 'n beeld te vorm van die geskiedenis en lewenswyse van die vroeë bewoners van die terrein.

Die opgrawings op Doornpoort wêk heelwat plaaslike belangstelling en van die bure kom gereeld besoek aflê. So is onlangs groot opgewondenheid beleef toe daar 'n hele paar ongeskonde kleipotte en - bakkies gevind is, tydens die opgrawe van 'n hut. Die grootste belangstelling en ondersteuning kom egter van mnr en mev George Theron, eienaars van die plaas. Sonder hulle welwillendheid sou die



*Mnr en mev. George Theron van Doornpoort, Winburg, met sommige van die heel potte wat onlangs gevind is.*

huidige projek nie suksesvol deurgevoer kon word nie. Die Museum is besondere dank aan hulle verskuldig.